higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N340**(A)**(N27)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBESTUUR N6

(4110396)

27 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGBESTUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Wet op Kindersorg, Nr. 74 van 1983, Artikel 8(2) en 8(3) Hoofstuk 2.	A	aksie om iets te vertraag of uit te stel
1.1.2	Wet op Kindersorg, Nr. 74 van 1983, Hoofstuk 5	B	verskille tussen twee of meer individue.
1.1.3	Werkerskompensasie	C	stel 'n persoon in staat om aktiwiteite te inisieer.
1.1.4	Leidende	D	handel oor die registrasie van kinderhuise en plekke van versorging.
1.1.5	Organisering	E	handel oor prosedures in die kinderhof.
1.1.6	Posbeskrywing	F	negatiewe invloed van stres.
1.1.7	Formele assessering	G	sake word gereël sodat almal en alles sistematies kan werk.
1.1.8	Uitstellery	H	verduideliking van die pligte en verantwoordelikhede van 'n opvoeder.
1.1.9	Konflik	I	versekering om die werkgewer te vrywaar teen eise wat gemaak word deur werknemers wat beserings opgedoen het.
1.1.10	Koronêre hartsiekte	J	sistematiese evaluering van personeel rakende werksprestasie.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Volledige verslag oor 'n kind se vordering moet aan die ouers aan die einde van elke termyn beskikbaar gestel word.

1.2.2 Fantasiespel help die opvoeder om insig te kry van wat die kind steur/pla of wat die kind onseker laat voel.

1.2.3 Die sekretaris teken slegs die notule van 'n vergadering.

1.2.4 WVF-voordele kan geëis word wanneer hulle vrywillig uit 'n werk bedank.

1.2.5 Tydvermorsers is aktiwiteite van tydsbeplanning en -besparing.

1.2.6 Waarnemingsverslae is daagliks geskrewe verslae van kinders se aktiwiteite.

1.2.7 n Kind se verslagboeke bevat alle inligting rakende hom/haar.

1.2.8 Die inkomste van 'n skool moet nie meer wees as die koste om die skool te bestuur nie.

1.2.9 Die personeelverhouding vir driejarige kinders is een toesighouer vir elke vyf kinders.

1.2.10 'n Skenkingsregister is 'n verslag van alle toerusting by 'n VKO-sentrum.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies VYF woorde uit dié lys hier onder, wat die toepaslike aksies beskryf wat tydens 'n bomdreigement gevolg moet word. Skryf slegs die woorde in die korrekte volgorde langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

bly kalm; hardloop weg; wees beleefd; kontak polisie; maak alarm; kyk uit vir vreemde voorwerpe; neem kennis van vreemde uitspraakaksente; saai paniek.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die persoon wat die brand sien moet die (alarm/paniekknoppie aktiveer.

1.4.2 Die rampkas moet (nie-bederfbare/bederfbare) kos bevat.

1.4.3 (Sous/Water) is 'n nie-voedsel wat geen voedingswaarde bevat nie.

1.4.4 Die kombuis moet 'n minimum oppervlakte van (14/24) vierkante meter hê vir 'n maksimum van 30 kinders.

1.4.5 Alle werkoppervlakke in die kombuis moet van metaal met 'n vlekvryestaalblad of van (ondeurdringbare/ deurdringbare) materiaal gemaak word.

(5 × 2) (10)

1.5 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Siektes veroorsaak deur 'n gebrek aan vitamien D in die dieet en 'n gebrek aan blootstelling aan die son.

1.5.2 Siekte waar die dieet hoog in koolhidrate en laag in proteïen is.

1.5.3 Noem geregte en bykosse wat tydens 'n maaltyd in 'n spesifieke volgorde bedien word.

1.5.4 Wanneer 'n persoon 'n abnormale reaksie van 'n spesifieke voedsel ontwikkel.

1.5.5 Persoon verantwoordelik vir die alledaagse ontwikkeling van 'n groep van ongeveer 25 kinders deur 'n stimulerende omgewing te skep.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Dit is noodsaaklik vir kinders om 'n gesonde, gebalanseerde dieet te hê om hul normale ontwikkeling te verseker. Daarom moet 'n VKO-sentrum in oorleg met 'n deskundige 'n spyskaart ontwikkel. Dit verskaf voldoende voedingswaarde vir groei, goeie liggaamsinstandhouding en vir herstel.

2.1 Noem VYF faktore om in gedagte te hou wanneer die spyskaart beplan word. (5)

2.2 Voedsel kan in DRIE voedselgroepe verdeel word volgens die tipe werk wat dit in die liggaam verrig.

Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDBOEK oor. Noem VYF ooreenstemmende voedseltipes onder elk van die DRIE voedselgroepe.

ENERGIE	BOU DIE LIGGAAM	BESKERMEND
Brood	Kaas	Groenbone
Lemoene	Eiers	Olie
Stampmielies	Lemoene	Beet
Eiers	Olie	Kool
Olie	Rooivleis	Lemoene
Hawer	Hawer	Melk
Vis	Vis	Grondboontjiebotter
Mieliemeel	Lensies	Wortels

(5 × 3) (15)

2.3 Beplan 'n spyskaart vir EEN dag vir 'n VKO-sentrum vir drie-tot-vyf jarige kinders, op 'n voldag basis.

Gebruik elk van die volgende :

2.3.1 Ontbyt. (2)

2.3.2 Oggendversnapering/Oggend peuselhappie. (2)

2.3.3 Middagete. (4)

2.3.4 Middagversnappering. (2)

2.4 Ouers moet opgevoed word oor die eetgewoontes van hulle kinders.

Watter VYF idees sal jy met die ouers deel? (5 × 2) (10)

2.5 Die voedselbestuurder doen al die aankope en bestellings van die kos.

Gee 10 wenke oor die aankoop en bestel van voedsel. (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF eienskappe van 'n doeltreffende boekhoustelsel. (5)

3.2 Noen VYF brondokumente. (5)

3.3 Noem TWEE hoofbronne van inkomste by 'n VKO-sentrum. (2)

3.4 Noem VYF fondsinsamelingsidees vir 'n VKO-sentrum. (5)

3.5 Bespreek punte wat tydens voorraadopname by 'n VKO-sentrum oorweeg moet word. (5 × 2) (10)

3.6 Me. Dlamini beplan om 'n VKO-sentrum te open wat 50 kinders in 'n klein plattelandse dorpie in die KwaZulu-Natalse Middelande kan akkommodeer. Sy sal slegs kinders tussen die ouderdom van drie en ses jaar inneem en is op soek na raad oor sekere sake.

3.6.1 Sy weet dat sy sekere dokumente benodig.

Noem TWEE dokumente wat by die registrasie-dokumente ingesluit moet word. (2)

3.6.2 By watter staatsdepartement moet aansoek gedoen word vir registrasie? (2)

3.6.3 Noem DRIE staatsubsidies waarvoor Me. Dlamini aansoek kan doen. (3)

3.6.4 Sodra sy die papierwerk vir registrasie voltooi het, moet sy geskikte personeel by die VKO-sentrum aanstel.

Noem VYF pligte in vol sinne van 'n VKO-praktisyn. (5 × 2) (10)

3.6.5 Noem SES maniere waarop ouers by die VKO-sentrum betrokke kan raak. (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE verskille tussen *eksterne opleiding* en *interne opleiding*. (3)

4.2 Noem VYF voorbeelde van tydvermorsers. (5)

4.3 Stres kan die lewens van individue positief of negatief beïnvloed.

Noem VYF negatiewe invloede van stres. (5)

4.4 Noem en bespreek SEWE maniere om konflik te hanteer. (7 × 2) (14)

4.5 Noem VYF riglyne om te verseker dat speelgoed veilig is en geen beserings by kinders veroorsaak nie. (5)

4.6 Wanneer jy noodhulp toepas, aanvaar jy verantwoordelikheid vir iemand se lewe.

Noem VYF voorsorgmaatreëls wat in ag geneem moet word. (5)

4.7 Noem VYF voordele van 'n rekenaar. (4)

4.8 Bespreek die vereistes vir 'n doeltreffende liasseerstelsel onder elke van die volgende hoofde:

4.8.1 Toeganklikheid.

4.8.2 Geskiktheid.

4.8.3 Stofbeskerming.

(3 × 1) (3)

4.9 Die kombuis is die gevaarlikste vertrek in die sentrum.

Noem SES riglyne vir 'n veilige kombuis. (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou